Christus is ons Herder in 'n wêreld vol verskeurende wolwe.

ds. PJ Kriel 06.12.2015

Inhoud. Ons vind ons identiteit in wie Christus as Herder vir ons is, nie in die seer van die magsmisbruik van goddelose mense teen ons nie. Christus vervul sy raadsplan met ons deur die magsmisbruik van hierdie magtiges.

Skriflesing: Matteus 2: 1- 6; 13-23. 28: 16 -20.

Teks Matteus 2:6 Uit jou sal 'n leier voortkom wat vir my volk Israel 'n Herder sal wees.

Tema: Christus is ons Herder in 'n wêreld vol verskeurende wolwe.

1.Die eerste openbare Kersfees was nie kindervriendelik gewees nie.

Die eerste openbare Kersfees was die openbare aankondiging van Jesus se geboorte in Jerusalem deur die drie sterrekykers uit die Ooste aan Herodes en die Jode.

Hierdie openbare aankondiging van Christus se geboorte in die stad Bethlehem was deur die magswellus van Herodes gevier met die staatsmoord van al Bethlehem se jong seuntjies van by die drie jaar oud en jonger.

Matteus vertel vir ons nie van die engelesang wat Jesus se geboorte in Bethlehem besing of die skaapwagters wat die Here vereer nie. Hy vertel van die kindermoord, kindergrafte om Bethlehem, wat die gevolg is van die reaksie van die openbare magshebbers in Jerusalem, geestelik en polities, op die geboorte van Christus.

'n Gekerm, gehuil en geweeklag!

'n Hele gemeenskap in rousmart in Bethlehem, die stad van koning Dawid, nie die blye viering van die koms van die Messias koning nie!

2. Matteus verbind hierdie staatsgeweld teen die gemeenskap van Bethlehem direk met dit wat ons as Kersfees ken, die openbare aankondiging van Christus se geboorte.

Hoekom?

Want met Christus se geboorte word die diepste en mees geweldadigste magstryd in die mens teen God ontketen, die magstryd oor wie is Immanuel, God met ons!

3. Christus se geboorte word in die Matteus Evangelie aangekondig as die geboorte van Christus as Immanuel, God met ons.

Christus is ons Herder in ŉ wêreld vol verskeurende wolwe.

Hierdie wyse waarop God met ons is, word weer in die afsluiting van die Evangelie aangekondig. In Matteus 28:16 – 20 openbaar Jesus hoe is Hy God met ons.

.1 Aan Christus is alle mag op hemel en aarde gegee, om Herder vir die volk van God te wees soos dit in die Dawidsbelofte van 2 Sam. 7: 11- aangekondig is.

.2 Omdat Christus hierdie mag in sy lyding en opstanding bewerk het, is Hy die Persoon wat die Abrahamsbelofte, dat God ons God en ons sy volk sal wees, volgens Esegiël 36:24 – Hy sal ons van afgodsdiens bevry, ons as sy kerk versamel, ons van ons sondes reinig, ons sondige natuur verbeek en ons ŉ nuwe aard gee ons god as Here te aanbid. Hy sal ons bevry om nooit weer enige ander mag as god-met-ons te erken nie.

.3 Daarom is Christus die Herder wat ons elke dag as Here leer om sy Hom te gehoorsaam.

4. Dit is omdat Jesus hierdie magsposisie vir sy kerk en oor sy kerk inneem, om vir hulle met alle mag op hemel en aarde Herder te wees, dat Kersfees in Bethlehem ŉ bloedbad word.

Met hierdie magswellus wys Herodes vir die gemeenskap in Bethlehem, Jerusalem en die hele Israel wie is hulle goeie herder!

Wat Herodes hier doen, het die Here in sy eie woorde aan ons as kerk openbaar: die magtiges van hierdie goddelose wêreld oorheers en verniel mense en dan noem hulle hulleself weldoeners. Die een wat die meeste geweld teen mense gebruik word as die grootste weldoener deur die gemeenskap vereer. Dit is hulle wat die Here self verskeurende wolwe noem.

Vandag noem ons dit in die sielkunde die Stockholm sindroom: jy word een met die mag van jou aanrander en oorheerser om jouself te vrywaar van sy geweld.

Met hierdie staatsgeweld teen kinders wys Herodes niemand anders behalwe Hy as tiran is die mense se weldoener nie. Herodes wys hulle wie is vir hulle die goeie herder wat hulle sal aanbid met sy goddelike mag: Herodes!

5. Wat maak Herodes die Grote in Jerusalem met die Herderkoning van Bethlehem?

Hy maak Hom ŉ vlugteling uit sy eie gemeenskap, ŉ man sonder ŉ land en sonder sy eie mense in Egipte. Egipte was in die Israelitiese gemeenskap die simbool van godverlatenheid. Daarom moes hulle uit hierdie godverlatenheid verlos word en het juis die woestyn en onherbergsaamheid van die woestyn teenoor Egipte vir Israel die simbool van God se goeie teenwoordigheid as Herder geword.

Christus is ons Herder in ’n wêreld vol verskeurende wolwe.

Wat maak Herodes se seun wat hom opgevolg het met die koning van Bethlehem?

Hy maak van Hom ’n handlanger van ’n timmerman in Nasaret.

Hierdie naam Nasaret beteken amper iets soos die naam “Levubu”. Wanneer iemand ons vra war bly ons en ons sê: “in Levubu”, dan is die volgende vraag dadelik: “Waar is dit?”. Dit is wat die naam Nasaret in die Bybel beteken!

Dit is ’n godvergete onbelangrike en minderwaardige gemeenskappie buite die bewussyn en wete van die magtiges in die groot magsentrums van die wêreld.

Dit is een manier om Jesus Christus te ken, soos die magtiges en goddeloses van hierdie wêreld God ken: ons maak julle Here ’n vlugteling in Egipte en ’n handlanger in Nasaret!

Godverlate deur die mag van die goddeloses en godvergete deur die invloedrykes van hierdie sondige wêreld.

6. Die ander manier om Jesus Christus te ken, is om te sien wat God die Vader met sy Seun doen in en deur sy raadsplan.

Daarom is die vraag in hierdie vertelling oor Egipte en Nasaret: “Wie bepaal die identiteit van Jesus Christus? Wie bepaal wie is Hy as Persoon en wat is sy gesag? Dit wat God sy Vader met Hom doen, of wat die goddelose magshebbers van hierdie sondige wêreld met Jesus Christus doen?”

Herodes die Grote maak Christus ’n vlugteling na die plek wat simbool van godverlatenheid en onderdrukking is: Egipte!

In sy raadsplan gebruik God die Vader hierdie optrede van Herodes om van Jesus sy Seun te maak wat Hy uit Egipte geroep het. Die aanhaling uit Hosea 11:1 wys dat Israel nie meer die draer van die Dawids- en Abrahamsbeloftes is nie. Israel word deur Christus vervang as die draer en vervuller van God se beloftes.

Dit is die twee beloftes wat die Here as vervulde beloftes aankondig in Matteus 28:
1. Alle mag in hemele en op aarde is die vervulling van die Dawidsbelofte en 2.
2. Ek is by julle is die vervulling van die Abrahamsbelofte.

Herodes se plan is om Christus uit te wis in ’n kindermoord maar God se raadsplan is om Christus uit Egipte te roep as draer van God se beloftes. Dit is God die Vader wie Jesus maak wie Hy is, nie Herodes nie.

Herodes Antipas maak volgens die magsbeeld van die wêreld Jesus handlanger

Christus is ons Herder in ’n wêreld vol verskeurende wolwe.

van ’n ambagsman in Nasaret. God die Vader maak Jesus Nasarener: Hy maak in die vernedering en deur die vernedering van Jesus as sondaar, die Verlosser van sondaars.

Wie maak Jesus wie Hy is? Herodes Antipas wat Hom ’n godvergete man in Israel maak of die Vader wat Jesus godverlate in die vernedering aan die kruis laat sterf om alle godverlatenheid en godvergetenheid in die plek van sondaars te dra?

Nasaret is die die heilsweg van Christus vir sondaars, nie die niksseggend bestaan van iemand buite die guns en welbehae van die goddelose maghebbers nie.

7. Daarom is die werklikheid waarvoor hierdie geskiedenis van Jesus se geboorte ons as kerk stel die vraag: wie maak van wie die Herder?

Is die die goddelose magtige bewindhebbers en geestelikes in Jerusalem wat hulle godsbeelde van hulleself teenwoordig maak en mense wat nie voor hierdie godsbeelde buig godvergete en godverlate in die gemeenskap maak deur hulle geweld

of

Is dit God die Vader wat sy Seun godverlate laat sterf sodat sy Seun vir sondaars Immanuel sal wees. Hulle Herder wat God hul weldoener laat wees?

Versorg in God se teenwoordige liefde en trou om altyd vir hulle die Goeie Herder te wees!

8. Ons is in 2105 as gemeenskap weer besig om dieselfde soort Kersfees as die eerste Kersfees in Bethlehem te vier. Kersfees in 2015 in hierdie gemeenskap is ’n bloederige fees!

Dit is ’n fees van magswellus!

Ons kan nie hierdie tyd Kersfees met sentimentele gemoedsaandoeninge en nostalgiese herinneringe vier asof ons nie in hierdie bloedbad leef nie.

Ons is in rou en verlies deur die geweld, openbare staatsgeweld, wat ons aangedoen word.

Ons gemeenskap staan in hierdie Kerstyd by grafte. Net in Desember staan ons nou al by die grafte van 8 plaasmoorde.

Ons en ons geliefdes word aangeval en aangerand.

Christus is ons Herder in ʼn wêreld vol verskeurende wolwe.

Ons besittings word geroof en geplunder deur hulle wat die oeste wegdra in die vryheid dat hulle nie meer aanspreeklik gehou gaan word vir hierdie tipe roof nie tot hulle wat in die hoogste gesagsetels sit en beplan hoe jou eiendom nie meer jou eiendom gaan wees nie.
Ons persoon en leefruimte as gemeenskap word verniel en geplunder deur die beelde wat deur die staat en owerheid oor ons as sou ons die geweldenare of die oorsaak van die openbare geweld teen ons self wees.

Ons eie kinders raak al hoe meer swerwers op soek na werks- en studie geleenthede omdat dit van hulle geroof en geplunder word deur die owerheid en gemeenskap.

8. Seker die grootste misgissing wat ons met hierdie bloedbelope Kerstyd kan maak is om te hoop en te glo dat dit net ʼn oorganstyd is waarin almal nog goedbedoeld met mekaar saamleef.

Hierdie geweld is staatsgeweld.

In elke plundering en elke verlies moet jy die boodskap van Herodes se Kersfees kry:

.1 In elke gewelddadige vernedering moet jy leer dat die owerheid in nou alle mag in hemel en op aarde. Dit is wie hulle is en wil wees. Verhewe bo reg met alle mag teen elkeen wat nie hierdie mag erken nie.

.2 In elke aanval en plundering moet jy leer: ons is altyd by jou, niks kan jou teen ons beveilig en jy kan nêrens aan hierdie alomteenwoordige magtigheid ontvlug nie.

.3 en daarom sal jy in elke bloedbad leer om alles te onderhou wat jy deur die bewindhebbers en die geestelikes wat hulle mag vereer en regverdig beveel word.

Dit wyse waarop elkeen hierdie les moet leer is – julle het net een weldoener, die godlose staat en goddelose geestelikes en bewindhebbers!

9. Hoe vier ʼn mens Kersfees in hierdie bloederigheid?

Hoe jy Christus vind is hoe jy Kersfees vier!

Sou jy Christus vind binne die mags- en onmagsbeelde wat die intellektuele, sosiale, geestelike en politieke magtiges van die gemeenskap, dan sal Christus vir jou die banneling in Egipte en die handlanger in Nasaret wees.

Christus is ons Herder in ŉ wêreld vol verskeurende wolwe.

Dan moet jy jou eie identiteit vind in die geweld wat die magtiges jou aandoen en kan aandoen!

Dan is Christus net mooi niks anders as wat die magtiges Hom laat wees in hulle intellektuele, sosiale, geestelike en politieke gewelddadigheid nie. Hulle is die liefdevolles en die weldoeners. Hulle is die goeie herders vir mense. Hulle het alle mag op hemel en op aarde. Hulle wil in elkeen ŉ alomteenwoordigheid handhaaf en hulle sal jou leer om alles te onderhou wat hulle jou leer!

Doen jy dit nie, sal jy en jou god met geweld irrelevant gemaak word in die gemeenskap!

Is Christus die banneling in die nuwe Suid Afrikaanse gemeenskap en die handkneg buite die mag wat alles laat gebeur, dan sal die staatsgeweld jou identiteit bepaal, wie jy as persoon mag en kan wees, wat jou taak en doel is en wat jou roeping mag wees.

Want die mag van die magtiges sal jou plek bepaal en hulle geweld sal jou leer om alles te onderhou wat hulle jou beveel. Dan sal Kersfees die fees wees wat jou leer om kinderlik en sag teenoor magtiges te wees.

10. Kersfees is vir die Kerk van die Here ŉ ander fees. Dit is die fees van die ontdekking wie God die Vader sy Seun laat wees in sy Raadsplan vir sy Kerk.

Wie Christus is, word nie bepaal deur die magsbeelde van die magtiges nie. Christus is wie Hy en Sy Vader Hom laat wees. Hy is die Herder vir sondaars.

In en deur die magsdade van hierdie wêreld is Christus die Here wat sondaars verlos van hulle godverlatenheid. Net Hy het godverlate gesterf sodat Hy, altyd God met ons sal wees.

Daarom is Hy die Goeie Herder wie se raadsplan met ons lewe vervul. Wie ons is, word bepaal deur wie die Goeie Herder vir ons is. Ons identiteit word deur sy alom teenwoordige liefde bepaal, nie deur die geweld van goddeloses mense om ons nie.

Kersfees is die fees van hulle wat nooit in die mag van hulle kan glo wat hulle geweld aandoen nie, hulle wat weet wat godverlatenheid is omdat hulle daarvan verlos is.

Kersfees is die fees waarin ons leef dat ons in God se raadsplan die kinders sal wees soos Hy ons bedoel en gebruik en niemand kan met geweld ons bestemming verander nie.

Christus is ons Herder in ’n wêreld vol verskeurende wolwe.

Dit is die tyd waarin ons ontdek wie is die wat godverlate is: hulle wat dink dat hulle Christus en sy kerk godverlate en godvergete irrelevant is buite die magsbelange van hierdie wêreld.

Herodes het as ou magsbeluste man drie van sy eie seuns vermoor net om ’n rukkie langer alle mag op hemel en aarde in sy siek gemoed te mag vier!

Kom ons ontdek die Here van Bethlehem binne die geweld wat hierdie wêreld teen Hom en sy kerk aanvuur omdat alle mag in hemel en op aarde aan Hom gegee is, Hy altyd in sy liefde as God met ons is en omdat ons net Hom erken as die Here wat ons alles leer om te onderhou.

Ons vind ons identiteit en ons lewensplan in die Here van Kersfees, ook in hierdie Kerstyd, nie in die vrees vir magtiges en hulle geweldadigheid nie, maak nie saak hoe bloederig hulle Kersfees maak nie.

Christus is ons Herder in 'n wêreld vol verskeurende wolwe.

Eksegetiese notas.

- Die openbaring van Christus in Matteus 28 verse 18-20 wys wie die Christus is vanaf hoofstuk 1 tot 18. Daarom begin die evangelie met die aanduiding dat Jesus die Seun van Dawid is en die Seun van Abraham: as Seun van Dawid is alle mag aan Hom gegee en as seun van Abraham is Hy God met ons.
- Die aankondiging in Christus se verhoging dat Hy god met ons is, is presies dieselfde aankondiging waarmee die evangelie sy geboorte aankondig: H is Immanuel, God by ons, 1:23 as die vervulde verbond.
- Christus met ons is hoe God met ons is volgens die belofte van die verbond in Esegiël 36 en Jeremia 31.
- Eksegeties beteken dit dat elke teks in Matteus Christus openbaar as God met ons, seun van Dawid en seun van Abraham, nie net sekere tekste nie.
- Die aankondiging dat Christus die Herder is, wys dat Hy die Een is wat die Dawidsbelofte van 2 Sameul 7 vervul, maar op so wyse dat dit is hoe God Herder vir sy volk is, nie hoe Jesus 'n geestelike of morele leier is nie.
- Dieselfde geld vir die vlug uit Bethlehem na Egipte, die kindermoord in Bethlehem en die verblyf in Nasaret: dit is die openbaring van hoe Christus Immanuel is: God wat mens is in ons plek om God met ons te wees.
- Die vernedering van die vlug na Egipte en die verblyf in die vreemde gaan oor hoe Jesus 1. Alle mag op aarde het en 2. God met ons is.
- Eksegeties verreken beteken dit dat die kind wat Josef moet beskerm is die God wat Hom opdrag gee om na Egipte te vlug. Ook vir Josef is Christus God met hom.
- Christus is die seun van God wat uit Egipte geroep is en Hy is die Nasarener.
- Die aanhaling uit Hosea gaan oor hoe Israel nie seun kan wees nie, al het God hom uit Egipte geroep om sy seun te wees, draer van die beloftes, wou hy dit nie wees nie. Hy wou deel van die afgodsdiens van die magtiges wees.
- Christus wat as koning verdryf word, is deur God die Vader as Seun aangewys as die Een wat die draer en vervuller van die beloftes van God is, aan Dawid en Abraham. Israel het daardie posisie verloor. Christus neem Israel se beloftes op Hom.
- Die vernedering om as Koning van die Dawidstad in Nasaret te moet bly, is ook nie die ontneming van Christus se gesag en mag as koning nie: sy vernedering is die wyse waarop Hy koning is.
- Die poging om Christus te keer om Here te wees deur Hom en sy kerk dood te maak, word juis deel van die raad van God hoe Jesus Here en sy kerk is.
- Die kontras tussen wie die wêreldmagte Christus laat wees en wie Hy Homself maak: Herodes maak Hom 'n vlugteling sonder 'n gevolg, vreemdeling buite sy volk, God maak Hom die Seun wat die draer van die beloftes is in die plek van Israel omdat Israel nie aan die status van seun kon voldoen nie.

Christus is ons Herder in ŉ wêreld vol verskeurende wolwe.

- Die geestesgemeenskap Israel is nie vervuller van beloftes nie en mense kry nie deel aan beloftes deur in gemeenskap met Israel te tree nie maar deur in gemeenskap met Christus te tree.
- Dieselfde met sy vernedering – dit is nie Herodes en sy seun Antipas wat Jesus ŉ timmerman se seun in Nasaret maak nie, dit is God wat Hom die vernedering van sondaars laat dra.
- Hierin is Hy vrymagtig om binne en deur die magte van goddelike konings sy koninkryk te laat kom: sy kerk te laat deel in die vervulling van die Dawids- en Abrahamsbeloftes

Homileties

- Die sug na goddelikheid van die wêreldmagte kan nie die Here minder Here en God maak nie en sy kerk nie minder kerk maak nie: niemand kan aan Christus en sy kerk ŉ einde maak nie.
- Dit is die fokus vir die prediking in SA: die poging om ŉ einde aan ŉ Here en Kerk te maak wat anders is as die wil en mag van die staat en gemeenskap.
- Deel van die driftigheid om alles oor te maak en alles oor te begin wat die houding van die politieke en sosiale ingenieurs is van die nou reeds ou "nuwe Suid Afrika", bedoelende ŉ nuwe gemeenskap, staat en kerk.
- Met hierdie houding word ook ŉ einde van die kerk gemaak. Die kerk moet nou een van die geestelikhede van die land en God een van die gode van die land word.
- Die mag van goddeloosheid is om te ontwrig deur verbanning en dood.
- Christus is net so hulploos en magteloos soos wat Hy was teenoor Herodes die Grote en sy seun Herodes Antipas. Hy is nou banneling vlugteling terwyl sy dienaars geplunder, geroof en gemoor word.
- Maak Kersfees ŉ romantiese en nostalgiese fees: toe Jesus koning was!
- Kontras tussen die kindervriendelike Kersgety en die Kinderondervriendelike Bethlehem. Rou en weeklag in die geweld wat hulle aangedoen word.